

1 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:15-28

Fokusgedeelte: Hebreërs 9:42

Toegang tot die hemelse heiligdom

Hoe lyk dit in die hemel? Niemand was daar om te vertel nie. Tog het God iets van die hemelse vir Israel laat afbeeld. Die altaar, goue en silwer implemente, die priesterklere, ja alles binne die verbondstent is volgens hemelse voorskrif gemaak. Dit was aangrypend, duursaam en ryk in simboliek. En tog was dit slegs afbeeldings. Die hemelse werklikheid is nog veel aangrypender. Die onvolmaakte aardse middele moes vir gebruik in diens van God deur offerbloed gereinig word.

Om toegang tot God in die hemel te kry, was ook reiniging nodig. Geen mens kan daar ingaan sonder dat sy sondesmet weggeneem is nie. Priesters en die bloed van offerdiere was te gebrekkig en aards om die smet weg te neem. Die hemelse diens aan God het 'n ander offer nodig gehad. Die heilige God alleen kan toegang verskaf tot sy hemelse heiligdom. Daarom het die Seun van God mens en Hoëpriester geword. Sy dienswerk was egter nie in die verbondstent nie. Hy het nie op die groot versoendag in die plek van die Levitiese priesters die Allerheiligste ingegaan nie. Hy oorbrug die kloof tussen hemel en aarde. Hy het die hemelse heiligdom ingegaan nadat sy offerwerk op aarde volbring was.

Deur sy toetrede tot die hemel verteenwoordig Hy ons voor God. Sy eenmalige offer is gegee om sondaars volkome te reinig om saam met hulle Here die hemel te betree. Op aarde het ons nog nie die volle hemelse nie, maar die belofte staan vas. Eenmaal sal ons deel in die volle verlossing.

Sing: Psalm 73:11

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)